# 2024 JAARTEMA

'n Hartlike gelukwensing aan Heinrich Burger wat die wentema vir 2024, naamlik 'Die Here se ligdraers' verskaf het!

In Suid-Afrika is die ligte-aan-ligte-af-kwessie een waarmee elkeen van ons op 'n daaglikse basis gekonfronteer word. Lig is eenvoudig 'n absolute noodsaaklikheid in ons lewens. Ons weet uit ervaring rondom kamp- en braaivleisvure dat enige bron van lig, die donkerte verdryf.

Delf ons egter dieper en op 'n meer abstrakte vlak, sien ons dat die tema van lig teenoor duisternis en lig as 'n simbool van alles wat goed en rein en mooi is, deurweef is in talle kulture se godsdienste en godsdienstige rituele. Dit is ook geen uitsondering vir ons eie Christelike geloof nie. Ons lees in die heel eerste verse van God se Woord in Gen 1:3 "'Toe het God gesê: Laat daar lig wees!' En daar was lig." In die Nuwe Testament in Joh 8:12 is Jesus self aan die woord as Hy sê: "Ek is die lig vir die wêreld." Ons, as God se kinders, weet dus dat Hý die Lig is na wie daar in die Bybel verwys word.

Maar wat beteken dit dan om God se ligdraers te wees?

As ons weer na die Bybel gaan om die antwoord hierop te kry, lees ons in Matteus 5:16: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." Ek is daarvan oortuig dat die klem in hierdie vers eintlik behoort te val op die deel waar God verheerlik word. Ons primêre doel as ligdraers is dus om God se lig só uit te dra aan 'n donker, gebroke wêreld, dat ons hemelse Vader daardeur verheerlik sal word. In hierdie proses waarin mense dan die optrede van God se ligdraers sien, word verlore mense gered deur die werking van die Heilige Gees. Dit is 'n groot en soms moeilike taak vir ons as sondige mense, maar nie 'n onmoontlike een nie, mits ons dit aanpak met ons oë gerig op God. Dit is ook 'n besonderse eer en wonderlike voorreg dat die Here ons met hierdie groot taak vertrou. Laat ons dan in alles wat ons elke dag doen, al lyk dit hoe gering of onbenullig, troue ligdraers wees. Die Here plaas elke dag mense op ons pad: familie, vriende, kollegas, vreemdelinge in die winkels, by die dokter en selfs ook by ons vakansieplekke. Laat ons elkeen van hierdie geleenthede gebruik om God se lig uit te dra na iemand wat dit net so nodig het, soos wat elkeen van ons dit nodig het.

Ek sluit af met Joh 1:4-5 "In Hom was daar lewe en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie." In Hom lê ons vaste fondasie, ons hoop, ons geloof en ons vertroue om elke dag 'n verskil te kan maak. Mag elke personeellid, ouer en leerder in 2024 elke dag poog om waardige ligdraers vir ons Here te wees.



Juf. Petro Rudolph



Links: Heinrich Burger wat die wentema vir 2024 voorgelê het.
Dankie vir 'n treffende tema, Heinrich.

# Uit die hoof se kantoor:

Onwillekeurig dink 'n mens in hierdie tyd van die jaar aan die woorde van die Prediker in sy oordenking van tyd. 'n Mens sal dan oorweeg hoe jy met jou stukkie tyd gehandel het in die afgelope jaar. Doelwitte is bereik, ander is weer laat vaar en ander weer uitgeskuif na 'n toekomstige oomblik. Die jaar, 2023, het sy 365 dae gebied, nooit belowe nie, en nou is dit feitlik volbring. Dit wat vermag is, kan nou gemeet word. Ja, soms moes ons grondpad stap waar dorings gesaai gelê het en dan kon ons weer met tye heerlik teerpad ry met hoogtepunte.

Alles inaggenome, sou ons ook soos die psalmdigter kan uitroep: *"dit wat ek ontvang het, was vir my mooi!!..."*

Sonneveld Akademie kan met trots, waardering en enorme dankbaarheid terugkyk oor 'n jaar met pragtige hoogtepunte. Leerders het diep spore getrap en uitsonderlike mooi prestasies behaal, onderwysers het met groot liefde, empatie en omgee hulleself deurgaans tweede gestel en onbaatsugtig hulle leerders se belange gedien. Ouers was ondersteunend en het die skool gedra om sodoende ook die taak vir 2023 te volbring.

Soos die onbekende skrywer van "Voetspore in die sand" kan ons met die terugblik ook soms twee rye spore sien in die sand waar ons Hemelse Vader saamgestap het op die reis, maar, dan ook die enkel ry spore, in die moeilike tye, waar Hy ons gedra het.

Ons grootste eer en dank aan ons Reisgenoot, ons Hemelse Vader, waarsonder die reis nie kon voltooi word nie.

Baie geluk aan elke Sonnie!! Julle het pragtig presteer in die eksamen en ek is voorwaar baie trots op elkeen van julle. Dan ook elke onnie, baie dankie vir die merkwaardige verskil wat jy gemaak het om ewigheidswaarde aan jou geroepe taak te gee. Ouers, baie dankie dat u met groot begrip en waardering ons taak makliker gemaak het.

Dit is en bly vir my 'n wonderlike voorreg om deel te kan wees van die Sonnies-familie. Julle elkeen lê vir my na aan die hart!

Ek wens u almal 'n rustige vakansie toe. Reis asseblief veilig. Mag ons dan ook weereens gedurende hierdie tyd vervul word met die vrede, liefde en warmte van die kersgety. Mag u as familie mekaar geniet en in oorvloed Sy warm liefde ervaar.

Wanneer ons dan daardie stille, heilige nag herdenk waar die grootste geskenk van alle vergange, huidige en toekomstige tye aan ons gegee is, laat ons met dankbaarheid aan Hom alleen die eer en lof bring.

Geniet u vakansie!!!

Steven Weber



Steven Weber
Skoolhoof



Lynn-Mari Burger
Administratiewe hoof



Jane Weber
Grondslagfasehoof



Petro Rudolf
Intermediêre fase-hoof



Letitia Smit
Senior en VOO-fasehoof



Willem de Lange
Tegniese vakke fasehoof



Sonja Jooste
Adjunkhoof

# Leer en presteer



Graad 1 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 2 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 3 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 4 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 5 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 6 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 7 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 8 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 9 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 10 - Top 5 - Kwartaal 3



Graad 11- Top 5 - Kwartaal 3

As ons kyk na die onlangse akademiese prestasies by Sonneveld Akademie is dit duidelik dat ons leerders nie alleen hard werk nie, maar ook buitengewone resultate behaal. Tydens hierdie skooljaar het talle leerders hul uiterste gegee en getrou vasgebyt as dit by hulle studies kom. Ons wil die Top 5 en Top 10 leerders gelukwens.

Dit is 'n wonderlike prestasie! Sonneveld Akademie gee graag erkenning aan die toppresteerders. Ons glo dit is belangrik dat ons almal mekaar aanmoedig en inspireer om ons beste te gee.

Die Top 5: Daar is vyf leerders in elke graad wat buitengewone prestasies behaal het en besondere vermelding verdien. Hulle het bewys dat sukses vir almal moontlik is.

Hierdie leerders het 'n voorbeeld gestel deur hul toewyding tot uitnemendheid. Hulle 'n inspirasie vir hul medeleerders. Ons is baie trots op julle prestasies!

Die Top 10:  Die Top 10 leerders van elke fasegroep van Sonneveld Akademie het 'n indrukwekkende vertoning gelewer en verdien regtig lof vir hul harde werk en toewyding. Hierdie leerders het uitgeblink in al hulle vakke en hul prestasies het 'n voorbeeld gestel vir die res van die skool. Hulle het bewys deur vasberadenheid, fokus en harde werk kan groot hoogtes bereik word. Ons is trots op elkeen van julle.

Aanmoediging vir alle leerders: Terwyl die Top 5 en 10 leerders erkenning verdien, is dit belangrik om te onthou dat elke leerder in hierdie skool 'n belangrike rol speel. Elkeen van julle het die vermoë om drome waar te maak en uit te blink op julle eie unieke manier. Moenie ontmoedig word deur die prestasies van ander nie, maar gebruik dit as inspirasie om self te groei en doelwitte te bereik. Onthou dat elkeen van julle 'n unieke bydrae het om te lewer en julle potensiaal is onbeperk!

Laat ons as 'n skool saamstaan en mekaar aanmoedig om ons uiterste bes te gee. Ons is trots op die Top 5 en 10 leerders wat ons skool verteenwoordig het, maar ons is ook trots op elke leerder wat sy of haar beste gee. Kom ons vier die suksesse, inspireer mekaar en bou saam aan 'n skool waar uitnemendheid en groei die norm is! Onthou: Jou prestasies is 'n refleksie van die gawes wat jy ontvang het". Woeker daarmee!



Maarten van Jaarsveld

# Van toetsboeke na tuxedos en elegante aandrokke: Sonneveld Akademie se Matriekafskeid 2023

*Die langverwagte oomblik het uiteindelik aangebreek vir die Matrieks van Sonneveld Akademie! Op 21 September 2023 vier vanjaar se matrikulante hul matriekafskeid in styl en met groot opwinding by die pragtige Thabong Wedding and Conference Venue.*

*Die meisies se tydskrifuitknipsels van hul kinderjare se 'my droom matriekafskeid' het uiteindelik waar geword en hulle het selfs mooier gelyk as die modelle wat destyds hul inspirasie was. Die jonge dames het die mooiste, elegantste rokke gedra, wat al die koppe laat draai het. Hulle grimering, haarstyle en ander bykomstighede was eenvoudig pragtig! Die manne het die harde baarde laat skeer, hul hare mooi, netjies en volgens die nuutste modes laat knip en skoene is blink gepoleer – omtrent 'ge-suit en ge-tie'. Wie sou kon raai dat Sonneveld Akademie se plaasjapies so mooi kon lyk – uitgevat soos wafferse Hollywood leading men!*

*Die rooitapyt was beslis een van die hoogtepunte van die aand, waar elke matrikulant en metgesel die geleentheid gekry het om hul eie kollig-oomblik te kon hê. Die meisies se rokke was lieflik, maar die seuns en hul ongelooflike lang metgeselle het ewe mooi en stylvol gelyk.*

*Die motors waarmee hulle arriveer het, het ons almal laat staar – van die nuutste modelle en moderne sportmotors, tot die elegante, waardevolle, vintage motors waarmee van hulle aangekom het.*

*Daar was aan elke matrikulant 'n toekenning gegee wat hulle die meeste beskryf, soos bv. vir die matrikulant wat die heel beste weet hoe om ChatGPT te gebruik (Darian Burrow), tot by ons skool se eie Wednesday (Leané Viljoen) en nog vele meer. Die skool se gunstelingpaartjie, wat belowe dat hulle net vriende is, het die toekenning gekry vir ons skool se eie Romeo en Juliet.*

*Van die terugvoer van die aand was dat die leerders nie gedink het dat ons onnies soveel ritme het nie. Een metgesel het vertel hoe hy te skaam was om te dans nadat hy meneer Weber en juffrou Jane sien sokkie het en die dansvloerstandaard hoër gestel het, as waaraan hy sou kon voldoen. "Tot juffrou Letitia het gedans!" vertel een van die leerders heel verbaas. 'n Anonieme bron vertel dat juffrou Petro die hele aand lank geglimlag het! Hierdie verslaggewer kan ongelukkig nie sê of die ooggetuie se verslag betroubaar is nie, omdat daar geen foto is om dit te bevestig nie.*

*Dit was 'n besonderse aand, een van emosies, trane, vreugde en afskeid. 'n Geleentheid vir die matrieks om terug te kyk op hul skoolloopbaan, en hul onderwysers te bedank vir hulle leiding en ondersteuning en hulle ouers te eer vir hulle liefde en ondersteuning. Sonneveld Akademie se matriekklas van 2023 groet en neem afskeid van hulle skooljare op hierdie besondere aand! Matrieks, julle het geskitter! Ons glo dit was 'n aand vir die boeke!*



Kaylin Möller























# MATRIEKS SE LAASTE GEWONE SKOOLDAG...






# VRUGBARE HARTE

Ek het die bekende gelykenis van Jesus uit Lukas 8: 5-8 weer onlangs gelees:

*'n Boer het uitgegaan om saad te saai. Terwyl hy dit oor die pad gestrooi het, het 'n deel op 'n voetpad geval. 'n Ander deel het in vlak grond op 'n klipbank geval. Nog 'n deel het geval waar dorings opgeskiet het. En 'n ander deel het op vrugbare grond geval. Hierdie saad op die vrugbare grond het gegroei en het 'n oes gelewer 100 maal soveel as wat geplant is.*

Dit het my weer laat besef dat ons ons harte moet oopmaak vir God en Sy Woord. My gebed is dat ons as Sonnies toeganklike, oop, vrugbare harte sal hê vir die roepstem van ons God.



Nadine Paddock



# SLEUTELS TOT SUKSES

Tydens ‘n glansryke skouspel is ons Sonnies vir hulle harde werk beloon tydens ons jaarlikse meriete-oggend en prestige-aand. Ons leerders het erkenning gekry vir hulle uitstaande prestasies deur die jaar. Hierdie mooi prestasies is gevier onder luide applous van onderwysers, ouers, familie en vriende.

Die Sonnies het toekennings gekry vir kuns, kultuur, sport, leierskap en akademie. Die aand het baie mooi verrassings opgelewer. Spesiale toekennings soos erekleure, die aanwys van die ludorums, die mees uitnemende laerskool- en hoërskoolleier en die Junior en Senior Sonnevelder is ontvang. Die jaartema vir 2024 is ook aangekondig.

Baie geluk aan elke leerder wat ‘n toekenning ontvang het. Ons weet sukses gebeur nie oornag nie. Harde werk is die sleutel tot sukses. Julle urelange toewyding, julle opofferings en pligsgetrouheid het vrugte afgewerp. Ons is baie trots op elkeen van julle.

Zetske van Niekerk




2023
Sonneveld Akademie Merietetoekennings


2023
Sonneveld Akademie Merietetoekennings




2023
Sonneveld Akademie Merietetoekennings

# SONNEVELD AKADEMIE SE ONDERWYSERS

WAT MAAK SONNEVELD AKADEMIE SO UNIEK? WEL, ONS HET 'N SPAN ONDERWYSERS SOOS GEEN ANDER SKOOL NIE. DAARBY HET ONS 'N SKOOLHOOF WAT DIE BELANGE VAN SY LEERDERS EN ONDEWYSERS OP DIE HART DRA. MENEER STEVEN WEBER HET 'N ABSOLUTE PASSIE VIR SY WERK.

DIE ONDERWYSERS BY SONNEVELD AKADEMIE GAAN UIT HULLE PAD UIT OM TE VERSEKER DAT ONS LEERDERS DIE HOOGSTE GEHALTE ONDERRIG ONTVANG. DIE DOKTERS, INGENIEURS, PROKUREURS EN OUDITEURE VAN DIE TOEKOMS WORD DEUR ONDERWYSERS GEVORM.

EK GLO ONDERWYS IS 'N ROEPING WAAR ELKE ONDERWYSER DIE VOORREG HET OM 'N GROOT INSPRAAK TE HÊ IN DIE LEWENS VAN KINDERS.

ONS DINK JAARLIKS OP ONDERWYSERSDAG SPESIAAL AAN ONS ONDERWYSERS EN IS BAIE DANKBAAR

VIR SONNEVELD AKADEMIE SE OPVOEDERS. EK GLO ONS ONDERWYSERS VERDIEN RESPEK. OM DEUR DIE BESTE VAN DIE BESTES GELEER TE KAN WORD, IS VIR ONS AS LEERDERS 'N VOORREG.










Abigail Robinson



# Soete klanke van Benriku Oosthuizen



Sonneveld Akademie spog met 'n talentvolle, stemryke sanger in ons midde. Hy het al by menige geleenthede vir ons gewys dat sy stem soos 'n engel s'n klink. So kom ons gaan delf 'n bietjie dieper in die lewe van Benriku Oosthuizen en hoor waar sy sangloopbaan begin het. Ek het die voorreg gehad om 'n onderhoud met Benriku te voer waartydens ek meer van sy sangloopbaan kon leer. Hy sê hy het sy liefde vir sing op die ouderdom van drie jaar ontdek, maar het eers professioneel begin sing op die ouderdom van nege.

Hy kry professionele afrigting by RnR Produksies by Riaan Jansen van Rensburg. Die genre waarin hy die meeste belangstel, en wat sy gunsteling is om te sing, is Country-musiek. 'n Paar van sy treffers wat hy al gesing het, is "Something I need", "Boot Scootin Boogie", "Save The Last Dance For Me" en "Can't Help Falling In Love With You". Al hierdie Country-liedjies word briljant deur hom vertolk en die gehoor geniet sy vertonings baie.

Een van die vrae wat ek aan hom gevra het was hoe dit voel as hy op die verhoog optree. Sy presiese woorde aan my was dat die eerste keer "nerve wrecking" was, maar na die derde keer raak mens gewoond daaraan. "As al daardie mense vir jou kyk, kan dit jou nogal effens angstig laat voel." Wanneer hy op die verhoog is, kan jy sien hy doen dit nie net omdat hy sy talent wil gebruik nie, maar omdat dit sy passie is. Hy is van mening dat jy nooit weet wie jou raaksien nie en jou dalk net bekend kan stel aan die rooitapyt nie. Sy soete stem laat menige dames se knieë lam.

Wanneer hy wêreldberoemd is, kan Sonneveld Akademie met trots sê hy was deel van dié familie. Hy het by die skool se 30 jaar-fees opgetree en ons almal se voete lekker laat jeuk om te dans. Hy tree by verskillende feeste op waarvan een van die grootstes, SACOPA (South African Championship of Performing Arts) was. Hy het al talle medaljes, 66 in totaal, ingepalm en dink daaraan om sy eie album op te neem. Ek kan nie wag om na dit te luister nie!

Ons hoop hy sal nog vir jare woeker met sy wonderlike talent en soos wat dit vir my lyk, sal hy nie sommer vinnig tou opgooi nie. Sy stem sal altyd in Sonneveld Akademie voortleef - sowel as in ons harte.

Marlizelle Burger



# Die gr. 7's trotseer Gold Reef City





Die graad 7-afskeidfunksie was beslis een vir die boeke!

Die busrit na Gold Reef City was alles behalwe rustig! Ons moes al ons bang hare en vrese ver wegpak met die intrapslag by Gold Reef City. Ons is in drie groepe verdeel - elk met ’n onderwyser wat ’n ogie oor ons kan hou. Daar is werklik ’n rit vir elke persoon van die Lazy Boats en Tubes tot die vreesaanjaende Golden Loop.

As Juffrou Jestelle en Heinrich nie ’n handjie bygesit het nie, was ons seker nou nog op die Lazy Boats. Te danke aan die Tower of Terror het ’n hele paar klasmaats weggestap met trane in die oë en bene wat soos jellie gevoel het.

Die burger en koeldrank het darem daardie hol kol volgemaak na die opwinding van die ritte en die roomys was perfek vir so ’n warm dag. Dié graad 7-groep het Gold Reef City vreesloos gegroet. Van die hele park deurloop tot in uurlange rye staan in die bloedige warm son was daar natuurlik nie een kind wat nie ’n uiltjie wou knip op die bus terug skool toe nie. Dit was beslis ’n dag om te onthou, vol herinneringe, baie lag, pret en avontuur. Gelukkig het ons foto’s wat die herinneringe vasgevang het.

Ek is seker daar is ’n paar wat die foto’s ver weg gaan bêre. Ek is so bly ons kon die dag saam beleef as ’n groep.

Baie dankie aan Juffrou Jestelle, Meneer Alan en Juffrou Margeaux wat ’n ogie gehou het oor ons.



Luca-Leigh Nieuwoudt

# SONNIES NEEM DEEL AAN WIKIPEDIA SE SKRYFKOMPETISIE VIR HOËRSKOOLLEERDERS

Ses leerders van Sonneveld Akademie het deelgeneem aan 'n skryfkompetisie wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, in samewerking met die FAK en Radio Pretoria, geloots is. Hulle moes 'n Afrikaanse artikel skryf vir die Afrikaanse Wikipedia.

Die leerders kon oor enige onderwerp skryf en was baie opgewonde om oor hulle passies te skryf en dit te deel op Wikipedia. Die leerders Kaylin Möller, Marlizelle Burger, Leané de Kock, Timothy Weber, Lorilia Da Encarnacao en Juliana du Plessis se artikels is almal gepubliseer. Juliana en Lorilia het as span geskryf. Die skrywers moedig alle leerders aan om volgende keer ook deel te neem. Die R10 000-prysgeld is 'n groot wortel voor die neus.

Kaylin Möller sê: "Dit was beslis 'n avontuur in 'n hele nuwe veld. Ek het baie nuwe dinge geleer wat ek saam met my kan vat sodat ek eendag vir my kinders kan vertel dat hulle mamma al vir die einste Wikipedia geskryf het."

Die Afrikaanse Wikipedia het op 16 November 2023 22 jaar oud geword. 'n Lekker partytjie is gehou in Arcadia, Pretoria by die Akademiekantore. Al ses ons skrywers is na hierdie spoggeleentheid genooi waartydens die wenners van die skryfkompetisie ook aangekondig is. Dit was 'n glansaand. Ons leerders het dit baie geniet om ander deelnemers te kon ontmoet en hulle het baie slim en vernaam gevoel.



Leané de Kock



GROOT NUUS!!!

Sonneveld Akademie is ongelooflik trots op Marlizelle Burger in graad 10.

Sy het die derde plek behaal in die Afrikaanse Wikipedia-skryfkompetisie vir Hoërskole in 2023. Marlizelle, jy is 'n uitstekende ambassadeur vir ons skool. Dis nie elke dag wat 'n skool met 'n paar Wikipediane kan spog nie – wat nog te sê met een van die wenners van die kompetisie. Nie alleen is Marlizelle se skryfkuns uitstaande nie, maar haar radio-onderhoud het ook gewys dat sy nie op haar mond geval is nie. Welgedaan!



# ‘N OPE BRIEF UIT DIE OOGPUNT VAN EEN VAN ONS LEERDERS

Liewe Sonneveld,

Die leerders word min genoeg vir hulle opinie gevra , en hier klop die gulde geleentheid aan ons deur. Eerstens is daar ‘n voorstel van ons kant af: Ons sal dit baie waardeer om so nou en dan verlof in te sit wanneer skool te veel raak.

Op ‘n ernstige noot: Sonneveld, ons harte behoort aan jou. Jy is ‘n skool waar ons veilig en gemaklik genoeg voel om ons sê te kan sê. Jy laat ‘n ieder en elk van ons toe om te groei as mense en individue. Wanneer jy by Sonneveld Akademie instap, word jy gegroet deur vriendelike harte en mense wat jou aanvaar vir wie en wat jy is. Jy as mens word waardeer en ondersteun. Sonneveld is ‘n skool wat jou aanmoedig om altyd meer te doen as wat van jou verwag word.

Jy kry die geleentheid om uit te blink op elke terrein, van kultuur tot akademie en leierskap – net waar jou hart ook al lê.

Sonneveld Akademie bied vir ons die geleentheid om nuwe vriende te maak , mense van ons eie potuurgroep te leer ken en lewenslange vriendskappe te bou en vir ewig te behou. By Sonneveld word jy geleer om daar te wees vir ander en om elke en enige vreemdeling wat jou pad kruis te help waar jy kan, want dit is wat dit beteken om ‘n Sonnies-hart te hê.

Dankie aan elke onderwyser, personeellid en werker wat ons so veilig laat voel. Dankie vir julle ondersteuning. Dankie vir die moeder- en vaderfiguur wat julle vir elkeen van ons is.

Ek dink elke marikulant wat die skool jaar na jaar verlaat ervaar ‘n leemte in hul harte. Gelukkig is daar mooi herinneringe wat ons kan saamneem as ons groet. Tyd is kosbaar en dit vlieg. Die herinneringe en die vriende wat soos familie geword het, is ‘n groot troos as jy die wye wêreld moet ingaan.

Sonneveld Akademie, dankie vir die pragtige mense wat jy van ons maak.
Groete
Elke Sonnies-leerder



Juliana du Plessis

# WISKUNDE PRET EN PLESIER BY ONS JAARLIKSE WISKUNDEDAG!

Die boeke is toegemaak en 'n gees van pret en avontuur het oor ons skool neergedaal met die aanbreek van ons jaarlikse Wiskundedag. Hierdie gebeurtenis het 'n reputasie opgebou as 'n dag vol leersame pret en opwinding, en vanjaar was geen uitsondering nie!

Die onderwysers het die inisiatief geneem om Wiskunde uit die boeke en in die hande van die leerders te kry, en hulle het beslis nie teleurgestel nie. Vir die jonger garde was daar oulike wiskundige speletjies, wat die konsep van Wiskunde op 'n interaktiewe manier aan hulle bekendgestel het. Boontjiesakke het deel- en maalsomme tot 'n lewensgrootte avontuur vergroot, terwyl water en emmers gehelp het om abstrakte begrippe soos afmetings te verstaan. Die glimlagte en gelag van die klein "Einsteins" was aansteeklik en het bewys dat Wiskunde nie net 'n stel reëls is nie, maar 'n lewenslange reis van ontdekking.

Nie net die jonger leerders het aan die pret deelgeneem nie. Die ouer garde het bewys dat Wiskunde op enige ouderdom opwindend kan wees deur 'n rondte "charades" te speel. In plaas daarvan om woorde te raai, het hulle hulle gewaag aan die uitdrukking van grafieke en syfers. Dit het dikwels gelei tot skreeusnaakse oomblikke terwyl 'n leerder dapper probeer het om 'n komplekse wiskundige konsep in 'n reeks bewegings en gesigsuitdrukkings te vertaal.

Die Wiskundedag het 'n gevoel van samehorigheid in ons skool geskep. Hierdie jaar se Wiskundedag was sonder twyfel 'n groot sukses, en dit het gewys dat Wiskunde glad nie 'n vervelige vak is nie, maar 'n geleentheid vir pret, ontdekking en avontuur.

Ons sien reeds met groot verwagting en opwinding uit na volgende jaar se Wiskundedag!

Chenélle Dietrechsen



# STRALENDE AANKONDIGING EN INHULDIGING VAN LEIERS VIR 2024

Wat is kenmerkend van 'n ware leier? Verskeie bronne definieer 'n leier as iemand wat 'n groep mense lei. Dit is iemand wat as 'n voorbeeld vir ander dien. 'n Leier se diens behels egter soveel meer. Sonder om eers twee keer te dink, moet jy deernisvolle en sorgsame hulp verleen aan diegene om jou. Om 'n leier te wees, vereis dat jy met eerlikheid, selfversekerdheid, betroubaarheid en innovasie optree. Jy moet die vermoë hê om jou navolgers te inspireer en te motiveer en in die regte rigting te stuur.

Die onlangs verkose groep leiers vir 2024 is ideaal en voldoen aan al hierdie kenmerke.

Baie geluk aan al die leiers! Ons weet sommer julle gaan 'n gedugte span wees!



Karli Visagie




VISEPRES

PRESIDENT

# Leiers 2024



PRESIDENT
VISEPRES


PRESIDENT
VISEPRES

PRESIDENT

PRESIDENT
VISEPRES

VISEPRESIDENT

# SKYFSKIET – SA KAMPIOENSKAPPE 2023

Skiet mis, skiet raak. Skiet in die kol, skiet buite die kol. Dis óf 'n kolskoot óf geen skoot. Dis die frustrasies en prestasies van skyfskiet. Ek sal weet, want ek is deel van hierdie opwindende sport. Maar laat ek nou nie van myself hier praat nie, kom ons gaan kyk wat die vakansie gebeur het tydens die uitdagende SA Kampioenskappe van SANSSU.

Soos julle weet het 16 van ons skuts provinsiale kleure verwerf en Gauteng-Oos gaan verteenwoordig by SANSSU se kompetisie. By die Sondagoggend se geweerinspeksie was almal opgewonde om die kompetisie af te skop op 'n hoë noot. Die dag was lank, warm en het stadig verloop. Terwyl ons gewag het vir die dag om te begin het hulle aangekondig dat daar 'n verandering aan die dag se planne sou wees. Elke jaar tydens die dinee word verskeie medaljes en sertifikate uitgegee sowel as die matrieks se geskenke, maar hierdie jaar is daar besluit om die
geleentheid die Sondagmiddag te hou. Met al die prestasies en hande wat geklap word, is dit heel duidelik dat almal opgewonde was vir dié SA's.

Maandagoggend vroeg het die aksie begin. Al die skuts staan reg met hul gewere, plak hulle kaarte en maak doodseker dat hul toerusting reg is. Die spanning is hoog en die kompetisie sterk. Die deure gaan oop en daar begin die week van SA's offisieel. Ek is seker elke kar wat verby gery het, kon die koeëls hoor wat die metaalkas tref.

Louis Jordaan het sy laaste jaar van skyfskiet op 'n treffende noot geëindig en het die voorreg gehad om as spankaptein die ESSU-span te lei met die optog. Ons neem afskeid van die graad 12-leerders na die kompetisie en wens hulle sterkte toe vir die toekoms. Een van die graad 12's het my gevra of ek sal aanhou met skyfskiet na skool en my antwoord was: "Ja, natuurlik!".

Om die sport te doen en nuwe vriende te maak is 'n ervaring en geleentheid wat jy nie sommer kan mis nie. Die sport is nie net om teen ander te kompeteer of om jou hemp en baadjie vol balkies te maak nie, maar soveel meer. Dit leer jou geduld, vriendelikheid, behulpsaamheid, uithouvermoë en dat wen nie alles in die lewe is nie.

So ek wil elkeen aanmoedig om die sport te probeer en nie dadelik op te gee indien jy dit nie dadelik reg kry nie. Ek kan nie wag om volgende jaar al die nuwe gesigte te sien nie.



Marlizelle Burger



Die skyfskiet-span is agter: Christiaan van Jaarveld, Louis Jordaan, Jan-Hendrik Venter en Karien Drotskie. Middel: Chenélle Dietrechcen, Deon Kok, Timothy Weber, Marlizelle Burger, Heinrich Burger en Deyshana Bauermeister. Voor: Willem de Lange (afrigter), Damian Smit, Brigette Weber, Vaughn Dietrechsen, Daniella Carter, Morné Lubbe en Carina Joubert (afrigter).

# 7'S RUGBY



Hierdie jaar het Sonneveld Akademie se rugbymanne aan die 7's toernooi deelgeneem. Dit is gehou op 20 en 21 Oktober by Laerskool Môrewag. Die span het bestaan uit Graad 6- en 7-seuns. Hulle het in hierdie twee dae vier wedstryde gespeel. Die span het goed gevorder en het sewende geëindig uit 13 skole in hulle ouderdomsgroep. Die seuns het hard geoefen en het hulle doelwit bereik. Elke speler het sy beste gedoen op die veld. Vir ons eerste 7s-toernooi waaraan ons deelgeneem het, het Sonneveld Akademie se 7's- span baie goed gedoen.

Nooit in ons wildste drome het ons gedink dat ons die eer sou hê om die heel eerste 7's-span van die skool te wees nie. Elke speler het trots op die veld uitgedraf. Die gees en adrenalien van die spelers was onbeskryflik. Wat is 'n sport sonder 'n afrigter? Daarom wil die 7's-span vir meneer Weber asook vir meneer Alan dankie sê. Hulle het die span afgerig en hulle tyd opgeoffer vir ons seuns.

Die span wil ook dankie sê aan juffrou Yolanda wat gereël het dat ons aan die toernooi kon deelneem. Dit was darem maar twee baie warm dae langs die veld asook op die veld. Die seuns sien baie uit na nog meer 7's-toernooie volgende jaar. Hulle sal weer die harde oefening insit om nog beter te vorder. Hulle hoop ook dat die ander seuns in die skool by hulle sal aansluit sodat hulle meer spanne kan inskryf.

Sonnies Rugby 2024: Hou ons dop!



Ricardo van der Westhuizen



Gerrit van Rooyen



# 'n Nuwe onnie vir die Sonnies



Ek is seker dat die meeste van ons al weet van die nuwe onnie by Sonneveld Akademie. Meneer Pierre het onlangs by ons skool aangesluit. Hy kom van HTS in Springs. Meneer sê dat ons skool se Christelike waardes hom dadelik laat tuis voel het.


Meneer Pierre glo dat kinders wat die regte fondament het en van kleins af die regte waarders leer dit saam met hulle neem in hulle volwasse lewe. Hy is oortuig daarvan dat ons skool hierdie regte fondament vir ons leerders lê.

Meneer Pierre is ons skool se Tegnologie, Robotika en IGO-onderwyser. Hy is ook die skool se dissiplinêre voog. Meneer Pierre is 'n pastoor en 'n berader by sy kerk.

Dit is vir ons 'n voorreg om vir Meneer Pierre hier by ons te verwelkom as deel van die Sonnies-familie. Ons is baie bly om Meneer hier in ons midde te hê.



Lorilia Da Encarnacao



# GROETNIS TOT VOLGENDE JAAR...

Met die laaste klokslag en die afsluiting van die laaste lesure is ons hier aan die einde van 'n lang en ongelooflike skooljaar. Hierdie jaar was 'n reis van uitdagings en prestasies, van vriendskap en groei. Ons het saamgewerk, saam gelag en saam geleer.

Ons wil 'n spesiale groet rig aan die mense wat skoolgaan hierdie jaar besonders gemaak het. Aan ons onderwysers, wat nie net inligting met ons gedeel het nie, maar ook ons lewens verryk het met hul wysheid en aanmoediging: Dankie vir julle toewyding!

Aan ons vriende, wat ons nooit in die steek gelaat het nie: Julle was ons rots in tye van uitdagings en ons mede-avonturiers in die tye van vreugde. Ons waadeer elke oomblik van julle vriendskap.
Aan ons families, wat ons onvoorwaardelike liefde en ondersteuning gegee het, julle is ons steunpilaar: Dankie vir die geloof in ons en die ondersteuning wat ons ontvang het.

Laat ons die deure van hierdie skooljaar met dankbaarheid sluit, want elkeen van hierdie mense het 'n onuitwisbare merk op ons lewens gelaat. Ons dra hulle liefde en inspirasie met ons die toekoms in. Dit is die tyd om 'n applous te gee aan jouself vir jou prestasie en om jouself te beloon vir jou harde werk. Dit is 'n tyd om te vier, om saam te wees, en om dankbaar te wees vir elke oomblik. Laastens, mag hierdie einde van die jaar 'n hoogtepunt wees in ons reis van selfontdekking en groei.

Die einde van die skooljaar is nie net die tyd om terug te kyk nie, dit is ook 'n tyd om vooruit te kyk na die onbekende en die uitdagings wat voorlê. Mag ons elke dag in die toekoms verwelkom met 'n positiewe en hoopvolle houding, en mag ons ons drome najaag met vasberadenheid en passie. Gelukkige einde van die jaar aan almal!

Timothy Weber



# SONNIES IS TROTSE SPRINGBOK-ONDERSTEUNERS

**Die Sonnies het 'n hele paar Vrydae met hulle groen rugbytruie gespog. Net soos die res van die land was ons bankvas agter die Sringbokke.**

**En SJOE! Wat 'n wêreldbeker was dit nou nie? Ons almal se senuwees was klaar. Al het die Bokke net met een punt in die finals gewen, het hulle die beker huis toe gebring met groot trots in hulle harte. Ons span het nie net die beker huis toe gebring nie, maar was die eerste span in die geskiedenis om VIER wêreldbekers te wen.**

**Ons as Suid-Afrikaners het beslis tydens die Rugbywêreldbeker vir die wêreld gewys hoe groen ons bloed is.**
**Daar is vir seker 'n paar manne in die span wat in my boekie spesiale toekennings verdien:**
**Handré Pollard - Aantreklikste in die span.**
**Jesse Kriel - Spiertier van die span.**
**Eben Etzebeth - Langeraat van die span.**
**Faf de Klerk - Kleintjie van die span.**

**Elke man het sy hart uit gespeel op die veld. Al het ons met net 1 punt gewen was dit ongelooflik gewees om die trots te sien wat ons land bymekaar gebring het tydens die Word Cup. Ons is definitief 'n nasie wat die humor in alles kan raaksien. Ons Afrikaanse tradisies het ook duidelik hoogty gevier.**

**Ons is ongelooflik baie trots op ons span en hoop om die volgende beker ook huis toe te bring.**




VIVA
**TAALWENK**

Hoe skryf jy
*"wenners van twee agtereenvolgende Wêreldrugbybekers"*?

Springbokke, Springboks; amaBokoboko; Bokke; Boks.

Sien ook:
1995-Wêreldrugbybekerkampioene;
2007-Wêreldrugbybekerkampioene;
2019-Wêreldrugbybekerkampioene;
2023-Wêreldrugbybekerkampioene.

**Bron(ne): 2017-AWS; Wikipedia**






Lizandri Agenbag



## Sonnies, die Here se ligdraers

Juf. Elmine Steenkamp

Mag ek vra
Wat jy dra?

Dit is ‘n lig
Met Goddelike plig,
want hier op aarde
Is ek van Godswaarde

deur Jesus-lig te skyn
ondersteun ek ander deur pyn
deur U Woord te verkondig
en te probeer om nie te sondig

‘n lamp te wees
en nie te lewe in vrees
lewe ek my doel
deur te wikkel en te woel.

Te wandel in U Gees
altyd ‘n Ligdraer te wees.

# Spogprojekte in Kwartaal 4






















58


SUID-AFRIKA





US









# AKTIWITEITSBLAD







**Dwars:**

3. Vis word hiermee gevang.
8. Ons gebruik hierdie item op die strand om koelte te maak.
10. 'n Item wat jou oë teen die son beskerm.
11. Ons tel graag hierdie items op die strand op.
12. Ons trek dit aan as ons gaan swem.
14. 'n Bekende berg wat in Kaapstad is.
15. 'n Toeriste plek in Mpumalanga en Limpopo waar die Groot Vyf aangetref word.
16. Hierdie dier is een van die Groot 5, is 'n bedreigde spesie en het 'n horing op sy neus.

**Af:**

1. Ons pak ons bagasie hierin.
2. Ons eet hierdie koue item op 'n warm dag.
4. Ons smeer dit aan ons lywe om ons teen die son te beskerm.
5. Ons doen dit wanneer ons in tente vakansie hou.
6. Hierdie item help ons om dinge wat ver weg is, van naby te sien.
7. Ons neem foto's met hierdie item.
9. 'n Voertuig om via die lug na plekke te reis.
13. Hierdie pragtige seediere is grys en ons kry hulle ook in sommige akwariums.



Lees hoofstuk 2 van ons vervolgverhaal.

# 'N SONSTRAAL VIR PETRONEL

Geskryf deur: Juffrou Fien Viljee



Hoofstuk 2

Saterdagoggend is Petronel vroeg op en nadat haar pa haar afgelaai en afgespreek het dat hy haar weer by die biblioteek sal kry, gaan kry sy dadelik vir haar en Riekert sitplek by die navorsingsafdeling. Met die hulp van een van die tannies wat daar werk, is sy sommer gou besig om notas te maak uit die bronne wat sy kon opspoor. Die onderwerp vir die taak is: Faktore wat bydra tot leefstylverwante siektes: swak eetgewoontes, 'n gebrek aan oefening, rook, middelmisbruik en onveilige gedrag. Hierdie siektes sluit in kanker, tering, hipertensie, hartsiektes en ander oordraagbare siektes. Dit is 'n lywige opdrag, maar gelukkig is dit groepwerk en sy is nogal bly dat sy en Riekert kan saamwerk. Toe juffrou Snyman die taak uitgedeel het, het Paul gesê hy sal saam met haar werk, maar Riekert het hom eenvoudig geïgnoreer en vir juffrou Snyman gesê, hý sal saam met haar werk. Juffrou Snyman het met opgetrekte wenkbroue na die twee seuns gestaar en na 'n oomblik geknik en gesê Paul kan dan saam met Lucia werk. Sy was uiters verlig, want Paul is 'n regte pyn. Alles moet altyd gedoen word soos wat hy dit wil hê, maar Lucia sal hom op sy plek sit. Sy vat glad nie sy nonsens nie. En sy wat Petronel is, weet vir 'n feit dat Paul nog altyd 'n crush op Lucia het, so dit gaan 'n interessante paar weke wees wat voorlê.

Sy wip soos sy skrik toe Riekert vrolik groet en op die stoel reg langs haar neerval. “Sjuut,” sê sy kortaf, meer omdat hy haar onkant gevang het, as oor die lawaai wat hy maak. “Wie het jou pap gesteel?” korswel hy en kyk na haar met ‘n breë glimlag.

“Waarom is jy so vriendelik, so vroeg op ‘n Saterdagoggend?” vra sy sonder om hom te antwoord. “Ag, seker maar omdat ek so ‘n heerlike taak kan doen, saam met die kaptein van die atletiekspan én die netbalspan,” lag hy, maar raak dan ernstig wanneer hy vra wat sy al alles oor die onderwerp kon opspoor. Petronel is verlig toe sy sien dat hy haar nie verder gaan terg nie, want teen ‘n lawwe Riekert het sy geen verweer nie en vir die volgende drie ure vergeet sy van alles en fokus op dit wat gedoen moet word.

“So ja, ek dink ons het genoeg data ingewin, maar nou lê die skryfwerk voor,” sê Riekert en strek sy lang lyf behaaglik uit, terwyl hy opstaan om die naslaanwerke te gaan bêre. Petronel stut haar ken in haar handpalm en staar Riekert agterna.

“Hey, vriendin, dis nie mooi om so te staar nie,” sê Lucia kliphard langs haar en swaai haar wysvinger voor Petronel rond.

“Ag man, jy is sommer laf,” antwoord Petronel, terwyl ‘n ligte blos oor haar wange gaan lê.

“If you say so, nie dat ek in elk geval weet wat jy in die nerdy boekwurm sien nie, Peet,” terg Lucia haar. Petronel hou haar egter besig om haar rugsak te pak en as Riekert by hulle aansluit, groet sy haastig en maak aanstaltes na die deur toe.

“Ek moet waai, my pa is al so te sê hier, bye julle,” en sy stap vining in die gang af na die hoofingang toe. Riekert en Lucia kyk verbaas na mekaar en na ‘n paar sekondes van ongemaklike stilte groet hulle ook en gaan elkeen in sy eie rigting.

“Petronel, wag vir my!” roep Riekert en draf vinnig agter haar aan. Naby die deur, neem hy haar arm saggies en hou haar teë.

“Waarom is jy nou so haastig?” vra hy met ‘n frons en kyk af in haar heuningbruin oë, wat in die skemerdonker van die ingangsportaal ekstragroot in haar gesiggie vertoon.

“Ag, my pa raak ongeduldig as hy te lank moet wag,” antwoord sy en loer verby hom na buite of sy nie dalk haar pa se kar sien nie.

“Ek stap saam met jou uit, dan kan ek hom sommer bedank vir die wenk van nou die dag,” en hy hou vir haar die deur oop om voor hom uit te stap. As sy vinnig verby hom skuur, trek sy haar asem liggies in, want die speseryagtige reuk van sy deodorant maak haar knieë skoon lam. En boonop is haar pa nêrens te sien nie.

“Wel, jou pa is beslis nog nie hier nie, so ek wag saam met jou,” sê Riekert en kyk sydelings na Petronel, wat ingedagte haar onderlip vasbyt. “Dis regtig nie nodig nie, ek’s mos heel veilig hier by die bib,” antwoord sy en sê in die stilligheid ‘n skietgebedjie op dat haar pa tog net om die draai moet kom.

“Ek het nie kitaarles vandag nie, so ek is glad nie haastig nie. Dit sal in elk geval lekker wees om bietjie op te vang, ons het lanklaas gesels,” antwoord hy rustig en gaan sit op die trappe, terwyl hy met sy hand aandui dat sy langs hom moet kom sit. Met ‘n sug gaan sit sy dan langs hom, maar sy maak seker dat daar genoeg spasie tussen hulle is.

“So, hoe gaan dit met jou voorbereiding vir die Gauteng byeenkoms?” vra hy en kyk na haar met daardie blou-blou oë.

“Ek en Meneer Bruwer is heel tevrede met my tyd oor die 100 meter, maar ek het nog werk om met die 400 te doen. Dit is asof ek net nie my ritme regkry nie. En die 400 se kompetisie is straf dié jaar, want Wendy gaan deelneem en sy het my verlede jaar omtrent weggehardloop,” antwoord sy beskeie en wonder dan weer waar haar pa so lank draai. Haar foon biep en sy sien dit is ‘n boodskap van haar pa. Iets het voorgeval by die kantoor en hy gaan laat wees.

“Agge nee!” kreun sy hardop en wys vir Riekert die boodskap as hy haar vraend aankyk.

“Ek het atletiekoefening oor 20 minute en jy weet hoe streng Meneer Bruwer is,” sê sy dan en staan op terwyl sy na die hoek staar, asof sy haar pa kan optower uit die teerpad uit.

“Hoor by jou pa of jy saam met my kan über, dan gaan ek saam met jou skool toe,” bied Riekert aan en maak solank die toep op sy foon oop.

Sy wil eers sê nee, maar dan onthou sy dat Meneer Bruwer geen verskonings duld nie en sy stuur vinnig vir haar pa ‘n boodskap. Haar foon piep dadelik en dit is haar pa wat ‘n thumbs up stuur om aan te dui dat dit reg is met hom.

“Die ou is ‘n paar minute weg, kom ons gaan wag solank op die sypaadjie,” sê hy en stap vooruit. Na enkele minute se wag, hou die wit voertuig stil en Riekert maak ewe galant die motordeur vir haar oop. Hulle albei sit agterin, maar Petronel sit so naby aan die deur as wat sy kan. Oppad skool toe gesels hulle oor die komende toetsreeks en Riekert se planne om die volgende jaar argeologie te gaan studeer en Petronel se planne om ‘n fisioterapeut te word.

“So, was dit al die Indiana Jones movies wat gemaak het dat jy so in argeologie belangstel?”

“Nee, al die Lara Croft movies,” antwoord hy haar as hulle by die skool aankom. Sy kyk vraend na hom, maar kan nie agterkom of hy haar terg of ernstig is nie. Riekert brei nie verder uit nie en met ‘n “Sien jou, Maandag,” stap hy by die hek uit en verdwyn om die hoek.

=

“Die volgende middag na skool, is dit atletiekoefening en Petronel is besig om op te warm, toe sy vir Riekert sien aangestap kom oor die atletiekbaan. Sover soos hy loop, is daar oral kinders wat hom vriendelik groet. Van die graadagts kom aangehardloop om hom met die hand te groet. Die graadnege-bakvissies giggel histeries as hy in hulle rigting kyk en wuif. Sy rol haar oë en gaan aan met haar strekoefeninge. “Hallo Petronel,” groet hy sag agter haar en sy kyk om – vas in daardie middernagblou kykers wat so amok maak met haar ingewande. “Haai,” antwoord sy so kalm as moontlik en neem ‘n slukkie van haar water. “Ek is jammer om te pla terwyl jy oefen, maar ek wou net kom hoor of dit reg is as ons mekaar sommer by die biblioteek ontmoet?” vra hy. “Dis reg, ek sal my pa vra om my daar af te laai, voordat hy gaan golf speel. Dan kan ek solank met die navorsing begin, terwyl ek vir jou wag?” antwoord sy. “Dit is piekfyn en baie dankie dat jy bereid is om by die veranderde reëlings in te val,” sê hy en weer kan sy sien dat hy nog iets wil sê, maar homself bedink en dan met ‘n vinnige “Lekker oefen,” omdraai en wegstap. Sy wil agter hom aangaan, maar besluit dan daarteen en draf ligvoets in die rigting van Mnr. Bruwer, die atletiekafrigter om te gaan aanmeld vir nog ‘n moordende sessie.

*Hoop jy droom van universiteit en slaap lekker…*

Sy sit regop en wonder wat sy moet antwoord. Ag nee, Petronel, overthinking much! Stuur net ‘n nagsê-boodskap terug en moenie te veel hierin lees nie, dink sy.

*Ek gaan beslis...lekker slaap, jy ook.*

Die Sondagoggend in die kerk praat hulle predikant oor keuses en verantwoordelikheid. Dit laat haar nadink oor haar keuse van universiteit en oppad huis toe gesels sy en haar ouers verder oor die onderwerp.

Nadat hulle by die huis aangekom het, gaan Petronel kombuis toe om te help met middagete.

“Ek het vergeet om vir jou te sê dat ons ‘n gas het vir middagete, Petronel,” sê haar ma terwyl sy die skaapboud uit die oond haal en aartappels bysit.


Haar hart begin opgewonde klop en sy wonder of sy nie eerder ‘n ander rokkie gou moet gaan antrek nie.

“Jy onthou mos die Van Greunens se oudste seun, Bernard? Ons het hulle verlede jaar ontmoet toe ons met vakansie was.”

“Ek dink so,” antwoord Petronel huiwerig. In die stilligheid dink sy, hy is ‘n regte ou wintie en hy was baie afknouerig met Herman.

“Wel, hy studeer hier naby ons en het jou pa gekontak om te hoor of hy kan kom inloer.” Haar moed sak in haar skoene, maar voordat sy iets kan sê lui die voordeurklokkie. “Dit is seker nou Bernard. Gaan maak jy sommer vir hom oop, Petronel.”

Word vervolg



Sonnies Flitse se redaksie wens al die Sonnies, personeel en ouers die mooiste Kersfees toe.

Mag hierdie Christusfees saam met familie en hartsmense gevul wees met oneindige liefde en seën!

Geniet die vakansie!